# Wilhelm HELMSTEDT

Vaderland, Johannesburg – 7th May, 1962 – reviewed by Dirk Meerkotter

---

## Kuns en Vermaak

# Nuwe siening op landskappe

**WILHELM HELMSTEDT, wie se werke tans in die Whippman-kunslokaal vertoon word, se kuns is nie onbekend by die Johannesburgse kunsliefhebbers nie. As mens aan hierdie Duitse kunstenaar dink, kom die poëtiese gouache-werke van half-abstrakte, ragfyne stad- en hawetonele sowel as naakfiguur-komposisies onmiddellik by mens op. Veral word die beligting en teksture van hierdie werke op so 'n bekoorlike en uiters oorspronklike wyse benader. Sy kleure is altyd gedemp en pastelagtig, dog nooit flou en soetsappig nie.**

VADERLAND 7-5-62

Die eerste keer stel Helmstedt nou Suid-Afrikaanse tonele ten toon wat hy op sy onlangse toer deur ons land geskilder het.

Dat daar 'n verskil is tussen hierdie werke en die voriges wat hy in Europa geskilder het, is ongetwyfeld. Dit is interessant om daarop te let in hoe 'n mate hy bekende landstonele met sy eie siening benader het.

### Leemte

In 'n groot mate slaag hy daarin om weer iets nuuts oor hierdie temas te sê. Dit kom egter ongelukkig voor asof Helmstedt soms met die oë van 'n reisiger te werke gegaan het. Dit is verstaanbaar dat hy ook nie in die kort tydjie dat hy in ons land was, die besondere beligting kon snap nie. Derhalwe is daar 'n leemte in hierdie werke wat teleurstellend is. Hierdie tekort kom meesal net in die olieverfstukke voor. Soos gewoonlik is daar 'n sjarme in beeste van die gouachewerke, wat dikwels opwindend is. Ook is die figuurstudies skitterend en onverbeterlik. — **Dirk Meerkotter.**

---

From the archives of The Haenggi Foundation Inc.

---

*Return to:*

http://www.art-archives-southafrica.ch/HELMSTEDT.htm